

## Vier Halleluja's! (OP17)

### Openbaring 19:1-10

8 November 2020

Laasweek het ons gekyk na die val van die sedelose vrou, oftewel Babilon. Ons het gesien haar val gebeur tydens die sewende kopkoninkryk, kort voor die einde van die tyd. Dit gebeur skielik, onverwags, vinnig en dit is finaal. Dit gee aanleiding daartoe dat ongelowiges uit alle vlakke van die samelewing haar val betreur: konings, sakemanne en selfs matrose. Ons het ook al vantevore gesien dat haar val geïnisieer word deur die dier uit die see en die 10 konings van die sewende kopkoninkryk wat teen die vrou draai. Maar ons het gesien daar is nog 'n dieper waarheid agter dit alles: Ten diepste, is dit God wat hulle dit laat doen, om sodoende Sy bedoeling te bereik. Alhoewel dit ons berusting gee dat God steeds in beheer is, skep dit tog ook die vraag hoekom God die wêreldgeskiedenis juis op hierdie manier stuur? Wat is dit wat God hierdeur wil bereik. Ek is oortuig Op 19:1-10 werp lig hierop.

Ons het ook laasweek in Op 18:20 gesien dat daar 'n oproep was tot die hemel, en ook die gelowiges, apostels en profete, dat hulle verheug moet wees oor die val van die sedelose vrou. Weereens werp Op 19:1-10 meer lig hierop.

Ek wil by die volgende punte stilstaan: (1) Struktuur van die gedeelte, (2) Inhoud van die halleluja's, (3) Bruilof van die Lam, (4) Samevatting en (5) Toepassings.

#### Struktuur van Op 19:1-8

Die eerste aspek wat ons moet raaksien, is dat daar vier halleluja's in hierdie gedeelte voorkom. Die NAV het die term "halleluja" vertaal met "Prys die Here!" Ons vind hulle in verse 1, 3, 4 en 6. Die NAV het dit vertaal met "Prys die Here!", omdat dit die betekenis is van die term "halleluja". Hierdie gedeelte is die enigste plek in die Nuwe Testament waar hierdie term gebruik word. In die Ou Testament hang dit af van watter vertaling jy gebruik, of jy die term daar vind of nie. Kyk bv. na Psalm 146:1. In die OAV is die term "halleluja" behou, terwyl die NAV dit daar ook vertaal het met "Prys die Here!"

Die tweede aspek om na te kyk, is wie roep hierdie halleluja's uit. Die eerste en tweede halleluja's word uitgeroep deur 'n groot menigte in die hemel (verse 1 en 3). Die derde halleluja word uitgeroep deur die 24 ouderlinge en die 4 lewende wesens (vers 4), terwyl die vierde halleluja uitgeroep word deur 'n groot menigte wat klink soos die gedreun van 'n groot watermassa en die gedreun van swaar donderweer (vers 6). Teen die tyd weet ons wie die 24 ouderlinge en 4 lewende wesens is: die 24 ouderlinge is verteenwoordigers van die kerk deur die Ou en Nuwe Verbond, en die 4 lewende wesens is 4 gerubs, oftewel senior engele. Die vraag is wie is die groot menigte, en is die groot menigte van die eerste 2 halleluja's dieselfde as die van die laaste halleluja. Kommentare verskil hier oor: sommiges dink die eerste menigte is engele, en die tweede menigte is die siele van die afgestorwe gelowiges. Ek persoonlik stem eerder saam met die kommentare wat sê beide menigtes verwys na die afgestorwe gelowiges. In Op 7:9 het ons immers al van die groot menigte in die hemel gelees – hier was hulle duidelik die gelowiges uit al die nasies, stamme, volke en tale wat met wit klere rondom God se troon bymekaar gekom het. In Op 14:2-3 het ons hulle weer raakgeloop – hier was hulle die 144 000 wat op Sionsberg bymekaar gekom het – en hier word hulle beskrywing juis ook geassosieer met die gedreun van 'n groot watermassa en die gedreun van swaar donderweer – soos hier in Op 19. Boonop sing hulle in die eerste halleluja van oorwinning/verlossing – iets wat gelowiges persoonlik belewe, maar nie die engele nie.

## Inhoud van die halleluja's

In die eerste halleluja besing die menigte God oor hulle oorwinning, Sy heerlikheid en mag (vers 1). Oorwinning word in die OAV vertaal met heil, oftewel salvation in die NIV. Hulle sing m.a.w. oor die verlossing wat God vir hulle bewerk het. Verder besing hulle God se heerlikheid – dit is alles wat Hom God maak, en dan ook Sy mag of krag. Die OAV sluit ook God se eer in, maar dit lyk my die beste manuskripte sluit dit nie in nie. In vers 2 gaan hulle voort en gee hulle die rede hoekom hulle juis hierdie dinge besing – vers 2 begin met “want” (Sien OAV). Die rede hoekom hulle sing van God se verlossing, heerlikheid en krag, is omrede Sy oordeel reg en regverdig is. Hulle maak dit verder duidelik watter oordeel van God hulle spesifiek in gedagte het, naamlik God se oordeel oor die sedelose vrou, dus daardie oordeel waarvan ons sopas in hoofstuk 18 gelees het. Die rede waarom hulle oortuig is dat God se oordeel oor haar regverdig was, is omrede sy die aarde verwoes het met haar onsedelikheid en boonop die God se dienaars doodgemaak het. Omdat God haar nou geoordeel het, kan hulle nou sing van hulle verlossing. God het hulle immers verlos van haar verleiding en vervolging deurdat sy selfs die gelowiges doodgemaak het. Hulle kan sing van God se heerlikheid, want haar val demonstreer God se ywer vir die beskerming van Sy heiligheid en heerlikheid. Boonop was haar val skielik, onverwags en vinnig, wat ‘n demonstrasie is van God se mag. Dit is dus juis die val van Babilon wat hulle hierdie halleluja laat sing.

Die tweede halleluja, ook deur die groot menigte, sluit hierby aan. Hier besing hulle God omrede die rook van die sedelose vrou opstyg tot in ewigheid – d.w.s. haar val is permanent en onomkeerbaar, soos wat ons duidelik laasweek gesien het aan die einde van hoofstuk 18.

Die derde halleluja word uitgeroep deur die 24 ouderlinge en die 4 lewende wesens. Hulle uitroep is kort en kragtig: “Amen! Halleluja!” In Ps 106:48 word presies dieselfde uitroep gemaak. Lees Ps 106:42-48. Hier lees ons van God se getroue ontferming oor Sy volk ten spyte van hulle voortdurende sonde. Hy maak Sy volk bymekaar vanuit die volke, en dit gee aanleiding daartoe dat aan God die lof toekom vir hulle redding tot in die allerverste ewigheid, en die hele volk roep dan uit: Amen! Halleluja! Die lofprijsing in Ps 106:5 is dus ook in die konteks van God se verlossing, soortgelyk aan Op 19. Die term “Amen” betuig instemming – die 24 ouderlinge en 4 lewende wesens stem volmondig saam met die lofuiting van die groot menigte.

In vers 5 is daar ‘n opdrag wat gegee word deur ‘n stem wat van God se troon afkom. Die opdrag is dat al God se dienaars, d.w.s. almal wat Hom vrees, Hom moet loof. Dit maak nie saak hoe belangrik of onbelangrik die dienaars is nie – God is in elk geval ver verheve selfs bo die heel grootste van die dienaars. Almal moet eenvoudig God loof. Dit word nie gesê wie se stem dit is nie. Dit mag moontlik Jesus se stem wees. Soms word daar ‘n beswaar geopper teen die gedagte dat dit Jesus se stem is, omrede die stem sê: “Loof ons God, al sy dienaars,...”. Sal Jesus van God praat as “ons God”? Wel, in Joh 20:17 sê Jesus: “Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is”. Dit kan moontlik Jesus se stem wees. Maar hier word relatief min inligting gegee, en dus is dit veiliger om nie dogmaties hieroor te wees nie. Miskien was dit die stem van een van die 4 lewende wesens, of selfs ‘n engel.

Die vierde halleluja, wat weer deur die groot menigte uitgeroep word, besing die feit dat God, die Almagtige, nou heers as koning. Beteken dit dat God tot hiertoe nie as koning geheers het nie? Wel, ons het al vantevore iets soortgelyks gesien. Kyk na Op 11:17 tydens die blaas van die sewende trompet – daar lees ons ook dat God begin heers het met die finale oordeel (lees NIV). Soos ons destyds ook opgemerk het, is dit natuurlik so dat God van altyd af soewerein heers. Maar tot met die val van die sedelose vrou, het sy ‘n rol gespeel – sy het teen God se wil ingewerk, sy het God ge-opponeer. Ja, natuurlik was sy en die diere altyd onder God se beheer en kon net doen wat God

hulle laat doen het. Maar nou het sy geval – en is nie glad meer ‘n faktor nie. In die toekoms gaan God soewerein heers sonder dat daar enige party is wat ‘n ander agenda het.

### Bruilof van die Lam

Verse 7 en 8 gee vir ons ‘n beskrywing van die bruilofsmaal van die Lam. Wat ons nie moet miskyk nie, is dat hierdie beskrywing deel is van die vierde halleluja van die groot menigte verlostes. Hulle roep as’t ware hulleself op om bly te wees en aan God die eer/heerlikheid te gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek. Sien jy die vloei van die argument: Dit is omrede die bruilof van die Lam aangebreek het, dat hulle bly moet wees, en in hulle blydschap moet hulle God verheerlik. Die aspek wat hulle fassineer rondom die bruilof van die Lam, en wat hulle dus tot vreugde en lofprijsing dwing, is die feit dat die bruid gereed is vir die bruilof. En haar gereedheid kom deurdat sy haar daarvoor gereedgemaak het, en ook deurdat God haar vergun het om rein, blink fyn linneklere aan te trek as bruilofsklere.

Kom ons dink vir ‘n oomblik aan ‘n tipiese Joodse bruilof: Wanneer ‘n paartjie destyds verloof geraak het, was hulle reeds wetlik aan mekaar verbind. Na die verlowing, het daar ‘n tussentydperk verloop. In hierdie tydperk het die bruidegom die bruidskat betaal (as hy dit nie tydens die verlowing reeds gedoen het nie). Dit kon ook wees dat hy moes werk as betaling van die bruidskat (soos Jakob vir Ragel gewerk het). Gedurende hierdie tyd maak die bruid haar gereed vir die bruilof, insluitende haar bruilofsklere. Wanneer die tyd vir die bruilof self aanbreek, gaan die bruidegom na die bruid se huis om haar te gaan haal. Hy bring haar dan na sy huis, waar die bruilofsmaal plaasvind. Dit kon tot sewe dae (of selfs langer) duur.

Sien nou die volgende raak: Die Lam is die bruidegom, en die gelowiges is die bruid. Die komende bruilof is aangekondig gedurende die loop van die Ou Testament. Die verlowing het plaasgevind tydens Jesus se eerste koms. Aan die kruis het Hy die bruidskat vir Sy bruid betaal. Sedert Sy hemelvaart is ons in daardie tussentydperk. Dit is die tyd waarin alles gereedgemaak moet word vir die komende bruilof. Onder andere moet die bruid se bruilofsklere reggemaak word. Dis hoe sy haar voorberei vir die bruilof. Dit geld vir die hele periode tussen Jesus se hemelvaart, en Sy wederkoms. Met Sy wederkoms, kom haal Hy Sy bruid en neem haar na Sy huis toe – en dit is waar die bruilofsmaal plaasvind.

En dit is waaroor die groot menigte so opgewonde is. Die bruilofsmaal is hier! Na eeue se wag, is dit uiteindelik hier! En boonop, is die bruid gereed. Enersyds het sy haar voorberei – d.w.s. het sy haar bruilofsklere voorberei, en andersyds het God haar vergun om bruilofsklere te mag aantrek. En, sê vers 8, hierdie bruilofsklere is die regverdige dade van die gelowiges, d.w.s. van die bruid. Hier het ons weereens ‘n verwysing na daardie realiteit wat moeilik is om te verduidelik: die mens se verantwoordelikheid om ‘n heilige lewe te lei, teenoor God wat ons onberispelik maak deur die werk van die Heilige Gees. Ons het al verskeie kere in Openbaring van hierdie klere geles, en telkens kom hierdie twee aspekte na vore: enersyds is dit iets wat die bruid aan moet werk, en andersyds is dit iets wat God doen. Kyk na die volgende:

- Op 3:4-5 – Sardis moet hulle klere nie besoedel nie, maar God sal wit klere gegee
- Op 3:18 – Laodicea moet wit klere koop, maar hulle moet dit juis by Jesus koop
- Op 6:11 – aan die gelowiges onder die altaar word daar wit klere gegee – deur God
- Op 7:13-14 – die mense moet hulle klere was – maar juis in die bloed van die Lam

Of dink maar 1 Pet 1:15 waar ons opgeroep word om heilig te wees, want God is heilig – wat die mens se verantwoordelikheid onderstreep. Terwyl 1 Tes 5:23-24 onderstreep dat dit God is wat ons onberispelik sal maak wanneer Jesus weer kom.

Hoe berei ons, as bruid, ons bruilofsklere voor in die praktyk? Oftewel, hoe berei God ons voor sodat Hy ons die bruilofsklere sal gun? Daar is baie gedeeltes waarna ons sou kon kyk. Ek verwys net na Jak 1:2-4 en 12. Dit is natuurlik deur beproewings. Ons groei deur beproewings, natuurlik onder die leiding van die Heilige Gees. Ons groei tot geestelike rypheid – en dan ontvang ons die bruilofsklere. Wie gebruik God om toetse/beproewings te stuur? Die sedelose vrou! Babilon! Maar noudat die tyd tyd vir die bruilofsmaal aangebreek het, is die tyd vir groei verby. En daarom kon Babilon maar val.

### Samevatting

Kom ons probeer om God se verborge bedoeling met alles te verstaan: In die begin skep God die hemel en die aarde, insluitende die mensdom. Sy doel daarmee is dat Sy heerlikheid die hele aarde sal vul. Voor die sondeval is Adam en Eva kaal – om dit so uit te druk, hulle het geen bruilofsklere nie. God gee vir hulle opdragte waardeur hulle hulle eie geregtigheid moet bewerk. Maar hulle skaam hulle nie oor hulle naaktheid nie, en dus ook nie oor hulle gebrek aan geregtigheid nie. Dan kom die sondeval. Na die sondeval, is hulle skaam. Hulle verstaan nou dat hulle nie geregtigheid het nie. Hulle plan is vyeblare. Maar God het 'n ander plan – Hy gee velklere – en daar is die eerste belofte dat God eventueel die bruilofsklere gaan gee.

In die res van die Ou Testament kondig God die koms van die komende bruilof aan. Met Jesus se eerste koms, vind die verlowing plaas. Jesus sterf aan die kruis, en bewerk geregtigheid vir die kaal gelowiges. Hy betaal die bruidskat. Sedert Sy hemelvaart tot met Sy wederkoms is ons in daardie tussentydperk van 'n tipiese Joodse troue. Die gelowiges, die bruid, moet hulle bruilofsklere regkry. Hulle moet die pad van heiligmaking loop. Om hulle op hierdie pad te lei, stuur God Sy Heilige Gees. En Hy stuur ook toetse, beproewings – deur die sedelose vrou wat hulle probeer mislei, en hulle vervolg. Maar hulle werk aan hulle huweliksklere – wat God ook vir hulle gee deur Sy Gees. En dan breek die einde van die tussentydperk aan. Dis tyd vir die bruilof. Dit kom wanneer die bruid volledig voorberei is. Volledig beteken enersyds almal het ingekom wat moet inkom. Andersyds beteken dit elkeen van hulle is gereed om die bruilofsklere te ontvang, waaraan hulle ook gewerk het. Die Bruidegom, die Lam, kom na die aarde toe – om Sy bruid te kom haal. Maar in die proses laat hy die sedelose vrou val – haar rol is uitgedien. Die bruid is in vervoering: Sy sing 3 halleluja's. In die eerste sing sy oor die verlossing wat God vir haar bewerk het. Sy sing van Sy heerlikheid en Sy krag – veral soos wat sy sopas gesien het in die val van die sedelose vrou. In die tweede halleluja sing sy oor die sedelose vrou nooit weer op die toneel gaan verskyn nie – immers is sy nie meer nodig nie, want die bruid se bruilofsklere is gereed. In die ander halleluja sing sy van haar Bruidegom wat nou heers as Koning sonder enige belemmering van die sedelose vrou. En boonop sing sy dat die dag van die bruilofsmaal aangebreek het. Sy is gereed en uitgevat in daardie bruilofsklere, waaraan sy solank gewerk het, maar wat God ook vir haar voorberei het. In parallel, breek die 24 ouderlinge en die 4 lewende wesens ook uit in 'n halleluja: Amen! Halleluja! En die hemel is gevul met die heerlikheid van God! Onthou jy God se bedoeling met alles: die skepping moet gevul word met die heerlikheid van God! Ons is amper daar! Dit moet nou nog net van die hemel af neerdaal aarde toe. Dan het God sy verborge bedoeling met alles bereik! Ek kan nie wag dat ons by Op 21-22 moet uitkom nie!

### Toepassings

- Babilon is 'n instrument in God se hand, wat Hy gebruik om Sy bruid na onberispelikeid te lei. Hoe kyk jy na al die dinge in die lewe wat swaarkry tot gevolg het? Wens jy dat God hulle tog net uit die pad wil verwyder sodat jou lewe makliker en eenvoudiger kan wees? Verstaan jy dat God nie primêr besorgd is oor jou fisiese gemak in hierdie lewe nie, maar veel eerder besorgd is daaroor dat jy aan jou huweliksklere werk met die oog die

bruilofsmaal van die Lam? Verstaan jy dat Hy Sy Heilige Gees in jou laat woon om jou te laat groei na onberispelikheid deur hierdie struikelblokke?

- Die Bybel is duidelik dat niemand sonder huweliksklere aan die bruilofsmaal van die Lam sal aansit nie. Sonder 'n heilige lewe, gaan niemand God sien nie. Die definisie van 'n gelowige, in hierdie lewe, is nie iemand wat nie sondig nie, maar wel iemand wat nie in die sonde bly lê nie. Ja, dit is waar, ons word uit genade gered, deur geloof in Jesus Christus, en nie op grond van werke nie. Maar wat net so waar is, is dat ons gered word tot dade. Gelowiges behoort in hierdie lewe hard aan die werk te wees aan hulle bruilofsklere – natuurlik in samewerking en onder leiding van die Heilige Gees.
- Ons moet weer dink aan ons lofprysing van God. Ons loof God dikwels vir die feit dat Hy ons verlos. Ons verlustig ons dikwels daarin dat God ons verlossing uitwerk – van die uitverkiesing af regdeur tot by heerlikmaking. En natuurlik mag ons dit doen. Nee, ons moet dit doen. Maar ons moet ook in ons lofprysing verder gaan as dit: God se verborge bedoeling is nie ten diepste om gelowiges te red nie. Nee, God se verborge bedoeling is dat die heelal gevul sal wees met Sy heerlikheid. Hy verlos ons met nog 'n hoër doel in gedagte – en dit is om Hom raak te sien soos Hy Hom openbaar in ons verlossing. Soos hierdie groot menigte doen. Hulle kyk verder as die sedelose vrou se val. Haar val gee vir hulle insae in God se heerlikheid, Sy krag, Sy regverdigheid, Sy heerskappy – en dan besing hulle Hom. Ons leer God ken deur die beleving van ons verlossing. Ja, ons kan en moet God dank daarvoor. Maar laat ons Hom dan ook loof oor Wie Hy is om dit alles te bewerk.